

30 Julie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 2-3

Fokusgedeelte: 2 Samuel 2:1-4

Vra na die wil van God

Dawid bely in Ps 9:11: "U laat dié wat na u wil vra, nie in die steek nie". Dit is juis een van die mooi eienskappe van Dawid: hy raadpleeg die Here telkens. Nou weer. Hy staan voor groot verantwoordelikhede. Saul is dood. As gesalfde van die Here moet hy 'n verskeurde volk agter hom verenig. Dawid weet hoe maklik hy kan fouteer. In kinderlike afhanklikheid raadpleeg hy die Here: Wat moet hy nou doen? Gelukkig weet Dawid waar om leiding te soek.

Tot vandag toe is dit ook jou heerlike voorreg om die Here te raadpleeg in dit wat jy doen. Dit bly een van die groot lewensgeheime om volgens die wil van God te lewe. Eerstens kan jy die Here raadpleeg deur oor 'n saak te bid (Ef 6:18; Fil 4:6). Verder het Hy jou sy onfeilbare Woord gegee wat jou pad soos 'n lamp verlig (Ps 119:105). Jy sal ook sien wat jy moet doen as jy omstandighede suiwer beoordeel (Fil 1:9,10). Reg rondom jou het God ook wyse mense geplaas wat verstandige raad kan gee (Spr 15:22).

Die beraadslaging en saambid met medegelowiges kan ook baie daartoe bydra dat jy God se wil duidelik sal onderskei (Matt 18:19,20).

As jy jou aan die wil van God onderwerp, sal God jou nooit in die steek laat nie.

Sing: Psalm 105:3

Ds APC Duvenage (Emeritus)